Laerskool Unika
1960–2020 LAERSKOOL UNIKA
Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

15 JANUARIE 2020, KWARTAAL 1, UITGAWE 01

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

**WELKOM TERUG** aan al die leerders, ouers en personeellede na ŉ welverdiende vakansie. Ons is dankbaar dat almal veilig terug is. Mag almal van u ŉ geseënde en voorspoedige 2020 beleef.

ŉ Hartlike welkom ook aan al die **NUWE personeel, ouers, leerders en veral ons graad R en 1-maatjies** wat aangesluit het by ons. Ons is opgewonde saam met julle en hoop en glo dat almal vinnig tuis sal voel by Laerskool Unika se familie.

**BAIE GELUK** aan al Unika se **oud-leerders** wat matriek geskryf en geslaag het! Ons eie personeel, me. Carien Cronjé se seun en me. Corlé de Villiers se dogter was self Unika oud-leerders en graag wens ons hulle baie geluk met hul uitslae!
Die volgende oud-leerders het verskeie onderskeidings verower:
*Hoërskool Randburg* – Klarika Keyter (9 onderskeidings), Eben Ernst (8 onderskeidings), *Hoërskool Linden* – Charlize Cuyler (6 onderskeidings), Nina Hugo (6 onderskeidings) en *Helpmekaar Kollege* – Gabby Coetzee (6 onderskeidings).
Welgedaan! Unika is trots en dankbaar om deel te kon hê in hul lewens en opvoeding.

**ONS IS BLY** om me. Belinda Swanepoel en me. Portia Malemela terug te ontvang na hul kraamverlof en is dankbaar dat die kleine mensies perdfris en gesond is. Ons wens hulle alle geluk en sterkte toe.

**BAIE WELKOM AAN DIE NUWE PERSONEEL**
Ons wens julle alle sterkte en voorspoed toe by Laerskool Unika.

- Me. Beaudine Terblanche, graad 6 en sy bied Engels (graad 6) aan.
- Me. Suné Pretorius, graad 3A-klas.
- Me. Ingrid Reyneke, graad 1A-klas.
- Me. Natasja Meintjes, graad RN-klas.
- Me. Elené van Wyk, graad RA-klas.
- Me. Lee-Robin Bezuidenhout, SBO-student vir die seniorfase.
- Me. Elindi Bezuidenhout, SBO-student vir die juniorfase.
- Me. Marli Greyling, SBO-student vir die juniorfase.
- Me. Hanri Venter, maatskaplike werkster.

Neem asb. kennis dat die eerste kwartaalprogram en die buitemuurse aktiwiteite op **d6 beskikbaar** is.

## SKOOLTYE: MAANDE TOT VRYDAE

| | | |
|---|---|---|
| Graad R tot graad 2 | : | 07:30 tot 13:05 |
| Graad 3 tot graad 7 | : | 07:30 tot 13:30 |

## KLEREBANK

Die klerebank sal slegs tydens die volgende ure beskikbaar wees vir aankope. Aankope is onmiddellik betaalbaar by die kantoor.

| | |
|---|---|
| Maandae en Woensdae: | 07:00 – 08:00 |
| | 13:00 – 13:30 |

## NASKOOL & LEERDERS NA SKOOLURE

**Naskool-inskrywings:** Navrae i.v.m. naskool-inskrywings vir 2020 (Graad R-7) kan gerig word aan naskool@unika.co.za.

**Atletiek 17 Januarie:**

- Alle naskool-leerders moet 13:00 by die naskool aanmeld.
- Tasse word by die naskool gelos tydens die byeenkoms.
- Ouers moet die leerders by die naskool uitteken.
- Reëlings vir ŉ oplaai-sone by die onderwysers hek in Oaklaan, sal aan die ouers gekommunikeer word.
- Die naskool sal aan diens wees tot 17:30.
- Vir navrae, stuur ŉ e-pos na naskool@unika.co.za.

## INLIGTINGSAANDE: GRAAD R & 2-7

- Graad R, 2 & 3 : **Donderdag, 16 Januarie** om 18:00 in hul klasse.
- Graad 4 & 5 : **Maandag, 20 Januarie** om 18:00 (gr. 4 in die saal en gr.5 in die mediasentrum).
- Graad 6 & 7 : **Dinsdag, 21 Januarie** om 18:00 (gr.6 in die saal en gr.7 in die mediasentrum).
- Graad 1 : **Donderdag, 30 Januarie** om 18:00 in hul klasse.

## ATLETIEK 2020

Die atletiekseisoen het reeds in die vierde kwartaal van 2019 begin, en ons gaan hierdie kwartaal voort met die Interhuis-byeenkoms.

Die Interhuis vind soos volg plaas:

- **Baan- en velditems Vrydag, 17 Januarie 2020 vir 0/6 tot 0/13 vanaf 14:00.**
  Spanlyste vir atlete wat moet deelneem aan velditems, middelafstande en hekkies is op die d6 beskikbaar. Alle leerders van 0/6 tot 0/13 moet aan die naelloopitems deelneem. Leerders is welkom om ook deel te neem aan enige item wat hul graag wil. Die byeenkoms begin met geesvang om 13:30. Lang hekkies begin om 14:00. Daar gaan uitdunne en finale vir die naellope wees. Die atlete wat kwalifiseer vir die finaal, moet asb. bly vir die wedloop. (Sien program op d6).

  Atlete wat hul onderskeie naelloopfinaal wen, moet bly vir die kampioene-wedloop.

- **Alternatiewe datum vir Interhuis is Maandag, 20 Januarie 2020 tydens skooltyd.**
  Indien dit Vrydag, 17 Januarie 2020 reën, sal die baanitems uitgedun word tydens skooltyd Maandag, 20 Januarie 2020.

Enige atleet wat wil kwalifiseer vir die Victor- en Victrix ludorum trofeë, moet aan 2 baanitems en 2 velditems deelneem tydens Interhuis en die 1ste vriendskaplike byeenkoms.

**Interhuisspanne:** Leerders neem deel in spanne waarin hul is en moet asb. volgens die kleure aantrek of iets van die kleur dra met die Interhuisbyeenkoms. Die spanne is volgens die leerders se vanne ingedeel:

| Span | Van |
|---|---|
| Blou | A – G |
| Geel | H – P |
| Wit | Q – Z |

### Kies van skoolspan

Alle leerders kry geleentheid om deel te neem by die Interhuis wat as proewe dien vir die atletiekspan. Die span word gekies volgens tye, hoogtes en afstande behaal tydens Interhuis. Oefeninge word ook in ag geneem om te bepaal of atlete verbeter. Afhangende van die grootte van die byeenkoms, word die atletiekspan saamgestel per item. Indien 'n atleet die Interhuis gemis het a.g.v. siekte, mag hul daag tydens oefeninge. (Sien oefenrooster op d6).

### Oefenrooster

Die oefenrooster vir die atletiekseisoen is op d6 beskikbaar en die atlete moet asb. by die dae en tye van die rooster hou.
Atlete moet gereeld oefeninge bywoon om hul plek in die span te behou, selfs indien privaatafrigting elders geskied.

### Toekenningsbeleid

'n Volledige toekenningsbeleid is beskikbaar om besigtig te word by die sporthoof. Vir enige navrae, e-pos asb. sport@unika.co.za

**Belangrike atletiekdatums:**

Alle datums is op die d6/Kalender beskikbaar.

| | |
|---|---|
| Woensdag, 15 Januarie 2020 | Skole begin. Oefeninge begin. |
| Vrydag, 17 Januarie 2020 | Interhuis – Baan- en velditems |
| Woensdag, 22 Januarie 2020 | Vriendskaplik te Laerskool Dalmondeor |
| Dinsdag, 28 Januarie 2020 | Vriendskaplike Tuisbyeenkoms: Horison, Jan Celliers, Dalmondeor, Sandton Akademie, Leeuwenhof. |
| Vrydag, 07 Februarie 2020 | Cluster-byeenkoms te Ruimsig Stadion |
| Saterdag, 08 Februarie 2020 | Top 20 te Ruimsig |
| Saterdag, 15 Februarie 2020 | D10-Kampioenskap te Ruimsig |
| 6 en 7 Maart 2020 | Gauteng-Kampioenskap te Ruimsig |
| 26-28 Maart 2020 | SA-Kampioenskap te KZN |

**Kleredrag vir Unika-Atletiekspan:**

Atlete mag slegs in die Unika-atletiekklere deelneem, die klere is beskikbaar by Constantia Uitrusters. Indien u probleem met klere het, kontak asb. die sportkantoor.

## VOORTREKKERS

Die Voortrekkers se Kommando-Opening is op **Saterdag, 18 Januarie 2020.**




## OUERBRAAI

Al ons ouers is welkom om die **Ouer Ken-mekaar-braai op Vrydag, 17 Januarie 2020** by te woon**.** Ouers bring eie vleis, drinkgoed en eetgerei. Vure word verskaf vanaf 16:30.

## GRAAD 1 – INDIVIDUELE FOTO'S

Die graad 1's se individuele foto's in gewone skooldrag, word op **Donderdag, 16 Januarie** geneem.

## SWEM

Die eerste swem-interhuis vind plaas op **Donderdag, 23 Januarie** by Hoërskool Randburg. Inskrywings moet teen Maandag, 20 Januarie by me. Danelle Dawe wees. Alle swem-besonderhede is op d6 beskikbaar (Nov. 2019).

## KRIEKET

NW-krieketproewe vind plaas op **Maandag, 20 Januarie en Vrydag, 24 Januarie**.
Slegs vir genomineerde spelers (sal briewe ontvang).

## KOOR

Kooroefeninge skop af op **Donderdag, 23 Januarie**. Meer inligting sal volg op Maandag, 20 Januarie.